



# basic education

Department:  
Basic Education  
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE  
SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V1**

**NOVEMBER 2014**

**MEMORANDUM**

**NOORDWES**

**PUNTE: 120**

**Hierdie memorandum bestaan uit 16 bladsye.**

**AFDELING A: LEESBEGRIP****NASIEN VAN DIE LEESBEGRIP:**

1. Spel- en taalfoute in antwoorde word nie gepeenaliseer nie omdat die fokus op begrip is. (Foute moet steeds aangedui word.) Waar die foute die betekenis van die woord(e) verander, word dit wel gepeenaliseer.
2. Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal wat geassesseer word, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepeenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
3. Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE/ EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering/bewys moet oorweeg word.
4. Vir WAAR/ONWAAR- of FEIT/MENING/LUG JOU MENING-vrae word net die rede/motivering/aanhaling bepunt.
5. Waar een-woord-antwoorde gevra word en die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek **mits** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
6. Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee 'n hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
7. Aanvaar dialektiese variasies.
8. Aanvaar die letter en/of die korrekte antwoord wat uitgeskryf is, by 'n **meervoudigekeuse-vraag**.

**VRAAG 1****TEKS A: TYDSKRIFARTIKEL**

VRAAG	ASSESSERINGSRIGLYNE	PUNT	VLAK
1.1	betaal	1	3
1.2	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Om (die beeste) te ruil.✓</li> <li>• Om te slag/vir kos/om te eet.✓</li> <li>• (Hulle gebruik die beeste) om swaar vragte te trek.✓</li> </ul>	3	1
1.3	(Goud) verkleur/roes nie.	1	1
1.4	<ul style="list-style-type: none"> <li>• C</li> <li>• papier, parfuim en speserye.</li> <li>• C papier, parfuim en speserye.</li> </ul> (Enige EEN)	1	3

1.5	(Die mense het dit) in hulle kos/vir medisyne gebruik.	1	1
1.6	(Van) silwer	1	1
1.7	“oor baie jare heen ontwikkel” (Penaliseer nie as aanhalingstekens nie gebruik is nie.)	1	2
1.8	<ul style="list-style-type: none"> <li>• D</li> <li>• euro</li> <li>• D euro</li> </ul> (Enige EEN)	1	3
1.9.1	(Die) Rand/rand	1	1
1.9.2	(In) 1961	1	1
1.9.3	<ul style="list-style-type: none"> <li>• (Suid-Afrika het toe) ’n republiek geword.</li> <li>• (Suid-Afrika) het in daardie jaar ’n republiek geword.</li> <li>• (Suid-Afrika) het in 1961 ’n republiek geword.</li> </ul> (Enige EEN)	1	2
1.10	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Kaapstad, ✓ want Tafelberg/die Parlementsgebou is daar. ✓</li> <li>• Johannesburg, ✓ want daar is goud/dit is die rykste provinsie. ✓</li> <li>• Durban, ✓ want die toeriste gaan daarheen/dit is bekend vir mooi strande. ✓</li> <li>• Pretoria, ✓ want die Uniegebou/Oudpresident Mandela se groot standbeeld is daar. ✓</li> </ul> (Of soortgelyk) (Een punt vir die voorstel en die tweede punt vir die motivering.)	2	4
1.11	Onwaar (verdien nie ’n punt nie)  Die kandidaat kan geen punt vir die motivering verdien indien WAAR as antwoord gegee is nie.  <ul style="list-style-type: none"> <li>• “In Februarie 2013 het ons ’n nuwe stel banknote begin gebruik, <b>maar die ou note mag ook nog gebruik word</b>”.</li> </ul> (Penaliseer nie as aanhalingstekens nie gebruik is nie.) (Kandidaat hoef nie die hele sin aan te haal nie.)	1	3
1.12	Randelas is afgelei van: <ul style="list-style-type: none"> <li>• Die <b>rand</b>, wat Suid-Afrika se geldeenheid is. ✓</li> <li>• <b>EN</b></li> <li>• <b>Mandela</b> wie se gesig op die note gedruk is. ✓</li> </ul> OF <ul style="list-style-type: none"> <li>• Woordspeling met <b>rand</b> ✓ <b>EN Mandela</b>. ✓</li> </ul> (Of soortgelyk)	2	3

1.13	<p>JA:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Dit gee erkenning aan Nelson Mandela.</li> <li>• Dit verewig Mandela se lewe en werk.</li> <li>• Mandela is 'n ikoon.</li> <li>• Mandela word beskou as die “vader” van ons nasie. (Of soortgelyk)</li> </ul> <p>NEE:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Sekere mense mag hierdie note gebruik om vir slegte dinge te betaal, bv. vir dwelms.</li> <li>• As mense hierdie note vir slegte dinge gebruik, sal dit Mandela se naam oneer aandoen.</li> <li>• Ek het nie saamgestem met alles wat hy gedoen het nie. (Of soortgelyk)</li> </ul>	1	4
1.14	<ul style="list-style-type: none"> <li>• B</li> <li>• namaak</li> <li>• B namaak (Enige EEN)</li> </ul>	1	3
1.15	<p>Daar is 'n - <b>watermerk,</b> - <b>spesifieke nommers</b> - <b>(’n stel) klein kolletjies</b> op die note. (Enige TWEE) <i>(Kandidate kan enige TWEE dinge noem of dit in 'n sin weergee.)</i></p>	2	1
1.16	na	1	3
1.17	<ul style="list-style-type: none"> <li>• C</li> <li>• kan dinge wat hulle wil hê van die huis af bestel en betaal.</li> <li>• C kan dinge wat hulle wil hê van die huis af bestel en betaal.</li> </ul> <p>OF</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• D</li> <li>• het nie meer kontant of 'n kredietkaart nodig vir hulle inkopies nie.</li> <li>• D het nie meer kontant of 'n kredietkaart nodig vir hulle inkopies nie. (Enige EEN)</li> </ul>	1	3
<b>SUBTOTAAL:</b>		<b>24</b>	

**TEKS B: VISUELE TEKS**

VRAAG	ASSESSERINGSRIGLYNE	PUNT	VLAK
1.18	Volgraan	1	3
1.19	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Broccoli/Patats</li> </ul>	1	3
1.20	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Dit is kos met 'n hoë vetinhoud.</li> <li>• Hoender is baie vetterig.</li> <li>• Hoender bevat baie vet. (Enige EEN of soortgelyk)</li> </ul>	1	4
1.21	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Die teken wys dat daar stoom uit die beker trek.</li> <li>• (Daar trek) stoom uit die beker.</li> <li>• Daar is merkies/strepies/n teken bo die beker. (Enige EEN of soortgelyk)</li> </ul>	1	3
1.22	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Dit val in die GOED-kategorie kossoorte/dis goeie kos/gesonde kos.</li> <li>• Die toebroodjie met sardyne en 'n glas lemoensap gee vir my energie en verbeter my konsentrasie.</li> <li>• Dit help my om te konsentreer.</li> <li>• Dit gee vir my energie.</li> <li>• 'n Burger en 'n koppie koffie gee vir my minder energie.</li> <li>• 'n Burger en 'n koppie koffie verbeter nie my konsentrasie nie. (Enige EEN of soortgelyk)</li> </ul>	1	4
1.23	<p>JA:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Dit is maklik om prentjies te lees.</li> <li>• Dit vat nie lank om prentjies te lees nie.</li> <li>• 'n Mens sukkel nie met die betekenis van woorde nie.</li> <li>• Prentjies trek dadelik die leser se aandag.</li> <li>• Mense wat nie kan lees nie, kan ook visuele tekste verstaan.</li> </ul> <p>NEE:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Die prentjies is nie altyd duidelik nie.</li> <li>• 'n Mens leer dan nooit om te lees nie.</li> <li>• 'n Mens se woordeskat ontwikkel nie.</li> <li>• 'n Teks gee meer inligting as prentjies. (Enige EEN of soortgelyk)</li> </ul>	1	4
<b>SUBTOTAAL: 6</b>			
<b>TOTAAL AFDELING A: 30</b>			

Barrett se Taksonomie		Punte	%	
Vlak 5	Waardering Evaluering	6	20%	20%
Vlak 4				
Vlak 3	Afleiding	12	40%	40%
Vlak 2	Herorganisasie Letterlik	12	40%	40%
Vlak 1				

## AFDELING B: OPSOMMING

### NASIEN VAN DIE OPSOMMING

Die opsomming word soos volg nagesien:

- **Punttoekenning:**
  - 7 punte vir 7 feite (1 punt vir elke feit)
  - 3 punte vir taal
  - Puntetotaal: 10
- **Verspreiding van taalpunte wanneer die kandidaat nie woordeliks aangehaal het nie:**
  - 1–3 feite korrek: ken 1 punt toe
  - 4–5 feite korrek: ken 2 punte toe
  - 6–7 feite korrek: ken 3 punte toe
- **Verspreiding van taalpunte wanneer kandidaat woordeliks aangehaal het.**
  - 6-7 direkte aanhalings: ken geen taalpunte toe nie
  - 1-5 direkte aanhalings: ken 1 punt vir taal toe

### LET WEL:

- Tel van woorde:
  - Nasieners moet die getal woorde wat gebruik is, tel.
  - Geen punte word afgetrek as die kandidaat nie die getal woorde aangedui het nie of as die getal woorde wat gebruik is, verkeerd aangedui is.
  - Indien die kandidaat die vereiste getal woorde oorskry, lees tot by 65 woorde en ignoreer die res van die opsomming.
  - Korter opsommings wat die vereiste wenke bevat, mag nie geenaliseer word nie.

**VRAAG 2: KENMERKE VAN DIE AFRIKA-OLIFANT**[Verwerk uit: *Sien Suid-Afrika Visuele feite*]

	<b>TEKS</b>	<b>VERWAGTE ANTWOORDE</b>
1.	<b>Die Afrika-olifant is die grootste landsoogdier.</b> Dit is een van Suid-Afrika se "Groot Vyf". Baie mense besoek ons land juis om die olifante te sien.	Die Afrika-olifant is die grootste soogdier op land.
2.	'n Mens se brein weeg ongeveer 1,5 kg. <b>Die Afrika-olifant se brein kan tussen 4,3 en 5,4 kg weeg.</b>	Die Afrika-olifant se brein kan van 4,3 tot 5,4 kg weeg./Die Afrika-olifant se brein weeg meer as 'n mens s'n.
3.	Leeus en renosters is ook groot, sterk diere, maar hulle ore is nie baie groot nie. Dis beslis nie so groot soos <b>die Afrika-olifant se ore wat 1,83 m lank is</b> nie.	Die Afrika-olifant se ore is baie groot./ Die Afrika-olifant se ore is 1,83m lank.
4.	<b>Twee van die Afrika-olifant se 26 tande groei uit as lang, buitenste tande.</b> Baie olifante word deur stropers doodgemaak omdat hulle hierdie tande wil verkoop.	Die Afrika-olifant het 26 tande./ Die Afrika-olifant het twee lang tande (wat na buite groei.)
5.	Alle olifante se slurpe is eintlik verlengde neuse. Hierdie slurpe kan iets so klein soos 'n grondboontjie of so groot soos 'n 100 kg-stomp optel. Olifante gebruik hulle slurpe om water te drink en om bome uit te trek. <b>Die Afrika-olifant spog met 'n slurp van tot 1,5 m lank.</b>	Die Afrika-olifant se slurp kan tot 1,5m lank wees.
6.	Olifante het baie groot pote. <b>Die Afrika-olifant het 'n ovaal agterpoot en 'n ronde voorpoot.</b> 'n Mens kan nie olifante se tone duidelik sien nie.	Die Afrika-olifant se agterpoot is ovaal/ die voorpoot is rond.
7.	Net soos baie ander diere, het olifante ook 'n klossie hare aan die punt van hulle sterte. Wie sou kon raai dat <b>die Afrika-olifant se stert tot 11 kg kan weeg?</b>	Die Afrika-olifant se stert kan tot 11 kg weeg.
	<b>GETAL WOORDE = 206 woorde (Disjunktief: ±200 woorde)</b>	<b>GETAL WOORDE: 63 woorde (50-60/65 maksimum)</b>

<b>Barrett se Taksonomie</b>		Punte	%	
Vlak 5	Waardering	2	20%	20%
Vlak 4	Evaluering			
Vlak 3	Afleiding	4	40%	40%
Vlak 2	Herorganisasie	4	40%	40%
Vlak 1	Letterlik			

**AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES****NASIEN VAN TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**

## 1. Spelling:

- Een-woord-antwoorde moet korrek gespel word.
- By volsin-antwoorde word verkeerde spelling gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur is wat getoets word.
- Waar afkortings getoets word, moet die leestekens korrek wees.

2. Sinstrukture moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word volgens die instruksies.

3. Aanvaar die letter EN/OF die korrekte antwoord wat volledig uitgeskryf is by 'n meervoudigekeuse-vraag.

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

VRAAG	ASSESSERINGSRIGLYNE	PUNT	VLAK
3.1	<ul style="list-style-type: none"> <li>• vinnige</li> <li>• maklike</li> </ul>	2	3
3.2	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Punt: Volg net twee eenvoudige stappe.</li> <li>• Uitroepteken: Volg net twee eenvoudige stappe!</li> <li>• Beletselteken: Volg net twee eenvoudige stappe ...</li> <li>• Dubbelpunt: Volg net twee eenvoudige stappe: (Enige EEN)</li> </ul>	1	2
3.3	<ul style="list-style-type: none"> <li>• C</li> <li>• Koppelteken</li> <li>• C Koppelteken (Enige EEN)</li> </ul>	1	1
3.4	re – gis – treer	1	3
3.5	bel	1	2
3.6.1	jou/Jou (Enige EEN)	1	3
3.6.2	elektroniese	1	2



3.7	Dit is 'n mening, ... <ul style="list-style-type: none"> <li>want dis die adverteerder wat so dink.</li> <li>almal stem nie noodwendig saam met die adverteerder nie.</li> </ul> (Enige EEN of soortgelyk)	1	4
3.8	<ul style="list-style-type: none"> <li>Die advertensie is gerig op ALLE mense (wat Gauteng se paaie gebruik).</li> <li>Die advertensie is vir almal bedoel.</li> </ul> (Enige EEN of soortgelyk)	1	5
<b>SUBTOTAAL: 10</b>			

**VRAAG 4: SPOTPRENT**

VRAAG	ASSESSERINGSRIGLYNE	PUNT	VLAK
4.1	probleempie <i>(die spelling moet korrek wees)</i>	1	1
4.2	veertien <i>(die spelling moet korrek wees)</i>	1	2
4.3	regterskouer	1	1
4.4	<ul style="list-style-type: none"> <li><b>Wie</b> gaan volgende jaar skool toe?  <i>(Vraagteken moet daar wees om die punt te verdien.)</i></li> </ul>	1	3
4.5	Ek sal hard leer omdat ek wil slaag.	1	3
4.6	<ul style="list-style-type: none"> <li>Jan se rapport is deur die skoolhoof geteken.</li> <li>Jan se rapport is geteken deur die skoolhoof.</li> </ul> (Enige EEN)	1	4
4.7	<ul style="list-style-type: none"> <li>Jan se ma se oë is groot gerek.</li> <li>Jan se ma swaai/waai met haar hand.</li> <li>Jan se ma se hand bewe.</li> <li>Jan se ma se mond is afgetrek.</li> <li>Jan se ma se kop ruk agteroor.</li> <li>Daar is merke/sweet rondom haar kop.</li> <li>Die uitdrukking op haar gesig.</li> </ul> (Enige EEN of soortgelyk)	1	4
4.8	figuurlike	1	3
4.9	Ma sê vir Jan dat <b>hy</b> ✓ harder moet werk.✓	2	3
<b>SUBTOTAAL: 10</b>			

**VRAAG 5****5.1: LEESTEKS**

<b>VRAAG</b>	<b>ASSESSERINGSRIGLYNE</b>	<b>PUNT</b>	<b>VLAK</b>
5.1.1	moeilike/harde	1	2
5.1.2	kinderjare	1	2
5.1.3	Die deur is <b>toe</b> . Nee man, moenie <b>toe</b> wees nie. Ek gaan skool <b>toe</b> . <b>Toe, toe</b> maak gou! <i>(Enige sin waar die ander betekenis van die woord duidelik is, m.a.w. nie "oop" nie.)</i>	1	4
5.1.4	km <i>(Geen punt na afkorting nie en nie hoofletter nie.)</i>	1	2
5.1.5	daarmee	1	2
5.1.6	As ons 'n eier wou bak, <b>moes ons toestemming vra</b> .	1	3
5.1.7	Ma <b>het</b> die eiers <b>verkoop</b> . <i>(Die <b>het</b> en <b>verkoop</b> moet korrek en ook in die korrekte posisie wees vir die punt.)</i>	1	3
5.1.8	lig	1	2
5.1.9	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Kruideniersware</li> <li>• kruideniersware</li> </ul> <i>(Die spelling moet korrek wees.)</i>	1	3
5.1.10	koue	1	2
5.1.11	Water <b>om</b> in <b>te</b> bad, is in 'n groot kastrol gekook. <i>(Aanvaar ook "Water <b>om</b> in <b>te</b> bad")</i>	1	2
5.1.12	televisie	1	1
5.1.13	peperduur <i>(Die spelling moet korrek wees.)</i>	1	2
5.1.14	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Mense het <b>nie</b> tyd vir mekaar <b>nie</b>.</li> <li>• Mense het <b>nie</b> vir mekaar tyd <b>nie</b>.</li> </ul> (Enige EEN) <i>(Neem nie spelling in ag nie, dubbel "nie" vir die punt.)</i>	1	3
<b>SUBTOTAAL: 14</b>			

**5.2: PRENT**

<b>VRAAG</b>	<b>ASSESSERINGSRIGLYNE</b>	<b>PUNT</b>	<b>VLAK</b>
5.2.1	koerant	1	3
5.2.2	<ul style="list-style-type: none"> <li>• B</li> <li>• Nandi het hard gewerk; daarom het sy matriek geslaag.</li> <li>• B Nandi het hard gewerk; daarom het sy matriek geslaag. (Enige EEN)</li> </ul>	1	3
5.2.3	Jy	1	2
5.2.4	Hoera	1	3
5.2.5	agter	1	3
5.2.6	<ul style="list-style-type: none"> <li>• B</li> <li>• stereotipering.</li> <li>• B stereotipering. (Enige EEN)</li> </ul>	1	4
<b>SUBTOTAAL:</b>		<b>6</b>	
<b>TOTAAL AFDELING C:</b>		<b>40</b>	

<b>Bloom se Taksonomie</b>		<b>Punte</b>	<b>%</b>	
Vlak 6	Sintese Evaluering	6	14%	20%
Vlak 5				
Vlak 4	Analise Toepassing	17	43%	40%
Vlak 3				
Vlak 2	Begrip Kennis	17	43%	40%
Vlak 1				

**AFDELING D: LETTERKUNDE****KINDERS VAN DIE AARDE – Charles Fryer****VRAAG 6****VERHAAL A: DIE LAS – Margaret Bakkes**

VRAAG	ASSESSERINGSRIGLYNE	PUNT	VLAK
6.1	<ul style="list-style-type: none"> <li>• 10 (jaar).</li> <li>• Tien (jaar).</li> </ul> (Enige EEN)	1	1
6.2	In sy kantoor/By sy werk	1	1
6.3	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Hy moes sy ma oppas/versorg.</li> <li>• Hy was verantwoordelik vir sy ma.</li> <li>• Hy moes sy pa se plek inneem.</li> </ul> (Enige EEN of soortgelyk)	1	1
6.4	Sy pa	1	1
6.5	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Oom Frans was die eerste persoon wat gehoor het dat Schalkie se pa dood is.</li> <li>• Oupa en oom Frans het vir Schalkie en sy ma die slegte nuus gaan vertel.</li> </ul> (Enige EEN of soortgelyk)	1	3
6.6	V(v)eertjie	1	3
6.7.1	<ul style="list-style-type: none"> <li>• B</li> <li>• ... het besluit om te verhuis.</li> <li>• B ... het besluit om te verhuis.</li> </ul> (Enige EEN)	1	3
6.7.2	<ul style="list-style-type: none"> <li>• A</li> <li>• ... het Schalkie se las ligter probeer maak.</li> <li>• A ... het Schalkie se las ligter probeer maak.</li> </ul> (Enige EEN)	1	3
6.7.3	<ul style="list-style-type: none"> <li>• E</li> <li>• ... het na rugby met Schalkie gesels.</li> <li>• E ... het na rugby met Schalkie gesels.</li> </ul> (Enige EEN)	1	3
6.7.4	<ul style="list-style-type: none"> <li>• C</li> <li>• ... het vir Schalkie vertel sy pa is dood.</li> <li>• C ... het vir Schalkie vertel sy pa is dood.</li> </ul> (Enige EEN)	1	3

6.8	<ul style="list-style-type: none"> <li>• C</li> <li>• 'n Kind moet vry wees, sonder 'n las wat swaar op sy hart druk.</li> <li>• C 'n Kind moet vry wees, sonder 'n las wat swaar op sy hart druk. (Enige EEN)</li> </ul>	1	3
6.9	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Schalkie het vir die eerste keer in sy kamer gehuil.</li> <li>• Schalkie het die blou-groen ghoen by die venster uitgegooi.</li> <li>• Schalkie het saam met sy ouma na sy pa se begrafnis gegaan.</li> <li>• Schalkie het weer teruggegaan skool toe.</li> </ul>	1 1 1 1	2 2 2 2
6.10	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Kinders moet aan sport deelneem om gesond/fiks te bly.</li> <li>• Kinders moet saam met hulle maats kan speel.</li> <li>• Schalkie was lief vir rugby. (Enige EEN of soortgelyk)</li> </ul>	1	4
6.11	<ul style="list-style-type: none"> <li>• C</li> <li>• 'n vergelyking.</li> <li>• C 'n vergelyking. (Enige EEN)</li> </ul>	1	3
6.12	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Schalkie sou weer 'n kind kon wees saam met Dirk.</li> <li>• Schalkie kon weer dinge saam met hom doen, wat hy saam met sy pa gedoen het.</li> <li>• Dirk sou Schalkie se groot las oorneem/vir Schalkie kon help. (Enige EEN of soortgelyk)</li> </ul>	1	4
6.13.1	<p>Ek voel ...</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• jammer vir haar/sleg as ek aan haar dink. OF</li> <li>• kwaad/vies vir haar. OF</li> <li>• dat sy dankbaar kan wees. (Enige EEN of soortgelyk)</li> </ul>	1	5

6.13.2	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Sy het baie swaargekry omdat haar man dood is en sy was nog jonk.</li> <li>• Sy het nie beseft wat sy aan Schalkie gedoen het nie. OF</li> <li>• Sy was baie selfsugtig.</li> <li>• Sy het net aan haarself gedink.</li> <li>• Sy het Schalkie onnodig laat swaarkry.</li> <li>• Sy wou Schalkie van sy bekende omgewing wegneem om saam met haar by twee ou mense te gaan bly. OF</li> <li>• Sy het weer 'n kans gekry om 'n man in haar lewe te hê.</li> <li>• Sy het weer liefde gevind.</li> <li>• Dirk van Graan sou goed wees vir haar en Schalkie. (Enige EEN of soortgelyk)</li> </ul> <p><b>LET WEL:</b> Die antwoord in 6.13.1 en 6.13.2 moet by mekaar aansluit.</p>	1	5
		<b>[20]</b>	

**EN****VERHAAL B: 'n MAN KOM TUIS – Chris Barnard**

6.14	Gouws	1	1
6.15	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Die man/hy het met sy hand/vinger gewys (dat hy wou saamry).</li> <li>• Hy het duimgegooi. (Enige EEN of soortgelyk)</li> </ul>	1	3
6.16	<ul style="list-style-type: none"> <li>• (n Klein) koffertjie/tas/klere</li> <li>• (n Paar) los pakkies</li> <li>• (n Halwe sakkie) lemoene</li> <li>• Dameskoene/skoendoos</li> <li>• Brood (Enige EEN)</li> </ul>	1	1
6.17	maand	1	3
6.18	<ul style="list-style-type: none"> <li>• D</li> <li>• personifikasie.</li> <li>• D personifikasie. (Enige EEN)</li> </ul>	1	3

6.19	<ul style="list-style-type: none"> <li>Jy dien jou naaste soos die Bybel sê./Jy doen iets vir ander mense</li> <li>Jy maak dit vir ander makliker om bymekaar uit te kom.</li> <li>Jy sien/leer ken die wêreld.</li> <li>Hy kan self van sy handewerk gebruik maak./Hy gebruik die pad wat hy gemaak het.</li> <li>Hy kan agterna sy handewerk bewonder./Die pad wat hy maak, is netjies, lieflik en pragtig. (Enige EEN)</li> </ul>	1	1
6.20	<ul style="list-style-type: none"> <li>Die padmaker het vir die verteller van sy lewe en sy werk vertel.</li> <li>Die verteller het die padmaker in die hoofstraat afgelaai.</li> <li>Die padmaker het met al sy goedjies huis toe gestap.</li> <li>Die padmaker se gesin het hom gesien en na hom toe gehardloop.</li> </ul>	1 1 1 1	2 2 2 2
6.21	<ul style="list-style-type: none"> <li>Hy was altyd positief/vriendelik/vol grappies..</li> <li>Al was sy werk moeilik, het hy dit nogtans geniet.</li> <li>Hy het nie oor moeilike omstandighede gekla nie.</li> <li>Hy het die beste van sy omstandighede gemaak.</li> <li>Hy was lief vir sy gesin/het hulle nie vergeet nie.</li> <li>Hy het vir sy gesin geskenkies gebring.</li> <li>Hy het moeite gedoen om by sy gesin uit te kom. (Enige EEN of soortgelyk)</li> </ul>	1	4
6.22.1	<ul style="list-style-type: none"> <li>B</li> <li>... is waar die padmaker bly terwyl hy aan die paaie werk.</li> <li>B ... is waar die padmaker bly terwyl hy aan die paaie werk. (Enige EEN)</li> </ul>	1	3
6.22.2	<ul style="list-style-type: none"> <li>C</li> <li>... is waar die padmaker en sy gesin woon.</li> <li>C ... is waar die padmaker en sy gesin woon. (Enige EEN)</li> </ul>	1	3
6.22.3	<ul style="list-style-type: none"> <li>A</li> <li>... is waar die man se kinders saam met die hond staan en wag.</li> <li>A ... is waar die man se kinders saam met die hond staan en wag. (Enige EEN)</li> </ul>	1	3
6.22.4	<ul style="list-style-type: none"> <li>E</li> <li>... is waar die padmaker se vrou vir hom wag.</li> <li>E... is waar die padmaker se vrou vir hom wag. (Enige EEN)</li> </ul>	1	3
6.23	(Die) hond	1	1

6.24	Ek sou ... <ul style="list-style-type: none"> <li>• die padmaker agtervolg het om te sien wat gebeur.</li> <li>• verder gery het.</li> <li>• dalk net soos die verteller opgetree het.</li> </ul> (Enige EEN of soortgelyk)	1	4
6.25	<ul style="list-style-type: none"> <li>• B</li> <li>• ... gesinne bly lief vir mekaar, al sien hulle mekaar min.</li> <li>• B ... gesinne bly lief vir mekaar, al sien hulle mekaar min.</li> </ul> (Enige EEN)	1	3
6.26	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Ek hou daarvan om my familie elke dag te sien.</li> <li>• Ek sal bekommerd wees oor my familie.</li> <li>• As ek in die moeilikheid is, sal daar niemand wees om my te help nie.</li> </ul> (Enige TWEE of soortgelyk)	2	5
		<b>[20]</b>	

Barrett se Taksonomie		Punte	%	
Vlak 5	Waardering Evaluering	4	20%	20%
Vlak 4				
Vlak 3	Afleiding	8	40%	40%
Vlak 2	Herorganisasie Letterlik	8	40%	40%
Vlak 1				

**TOTAAL AFDELING D: 40**  
**GROOTTOTAAL: 120**